

Hoe moet Christene reageer as hulle geteiken word?

Till we serve God we are idlers. However busy we may be we do nothing till we live for God. – Spurgeon

Hoe moet Christene reageer as hulle geteiken word?

“As jy ‘n Christen is, gaan jy God nou sien.” Dit was die opskrif in die koerant na aanleiding van Chris Harper Mercer se massamoord. Hy het ten minste nege studente van die Umpqua Community College doodgeskiet. Hoe moet Christene hierop reageer? Ons aanvanklike reaksie moet deur deernis en wat ons aangaande die evangelie glo, gevorm word. Ons eerste reaksie moet wees om vir die families te bid – die families van die slagoffers, maar ook die familie van die moordenaar.

Dan moet ons vra: “In die lig van ons geloof, hoe moet ons reageer?” Ed Stetzer identifiseer vier maniere om te reageer.

1. Ons moet gereed wees om ‘n antwoord te gee oor die hoop wat in ons lewe

As volgelinge van Jesus Christus wat ons lewe vir die koninkryk van God opgeoffer het, moet ons altyd onthou dat Christene hulle hoop plaas in ‘n verhaal wat verder as ons jare hier op aarde strek. Die evangelie sê vir ons dat terwyl ons nog sondaars was Christus vir ons gesterf het en dat Hy vir ons ‘n plek voorberei waar die gebrokenheid van hierdie wêreld ons nie kan doodmaak nie en waar ons trane vir altyd afgevee sal word. Onthou altyd: Ons hoop is nie in hierdie lewe nie, maar die lewe na die graf.

2. Ons moet veg om te vergewe

Wat ons nie nou nodig het nie, is haatge vulde toesprake, maar vergifnis wat ons in Jesus Christus kry. Vergifnis is nie maklik nie, maar dit wat reg is, is selde maklik om te doen. *Everyone says forgiveness is a lovely idea, until they have something to forgive* (C. S. Lewis). Ons vergewe ander met dieselfde genade waarmee God ons vergewe het. Ons word gemotiveer deur sy liefde vir ons.

3. Vertrou God

Ons sukkel om enige sin te maak uit tragedies soos hierdie. Ons moet Hom wat alles in sy hand hou, vertrou. Ons weet dat God goed is. Wat ons nie weet nie is hoe God 'n massamoord kan gebruik in sy plan nie. Ons moet onthou wie die eindgesag het. God is altyd aan die werk. Die feit dat Hy stilbly, moet ons nie as 'n teken van apatie of gebrek aan belangstelling sien nie.

4. Werk vir geregtigheid en weerstaan die versoeking vir wraak

Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë (Jesaja 1:17). Geregtigheid is belangrik, maar die lyn tussen geregtigheid en wraak is soms moeilik om te bepaal. *As daar reg geskied, is mense wat reg doen, bly, en staan dié wat onreg doen, verskrik* (Spreeuke 21:15). Geregtigheid is 'n vereugde vir die regverdiges, maar 'n verskikking vir die bese. Maar: *Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is my reg om te te straf; Ek sal vergeld," sê die Here* (Romeine 12:19).

Soos ons rou, bid en reageer, moet ons alles in ons vermoë doen om die goed in die wêreld om ons te soek en verdere tragedies te verhoed. As God se instrument vir geregtigheid moet Christene die gespek lei om 'n oplossing vir al die geweld in ons samelewings te kry.

Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg (Matteus 5:44)